Beskerm Jouself teen Koronavirus

Hou jou gemeenskapskombuis skoon

- Wanneer ’n persoon wat die koronavirus het hoes of nies, laat hulle die virus op oppervlakke agter. Die virus versprei wanneer jy aan hierdie oppervlakke en dan aan jou gesig raak.
- Om hierdie oppervlakke skoon te maak en te ontsmet, sal help om die verspreiding van COVID-19 en ander infeksies soos gastroënteritis te verminder.



Ontsmet oppervlakke

- Gebruik ’n bleikmiddeloplossing vir ontsmetting (6 teelepels bleikmiddel in 1 liter water).
- Maak voorwerpe en oppervlakke wat gereeld aangeraak word (toonbanke, krane, deurhandvatsels, stoofknoppe en stoele) so dikwels as moontlik skoon en ontsmet dit.

Vee kruideniersware af

As ’n ekstra voorsorgmaatreël kan jy kruideniersware wat in plastiek, glas en blik verpak is met warm water of ’n bleikmiddeloplossing afvee en dan self laat droog word voordat jy dit wegpak.

Maak toerusting en werkareas skoon en ontsmet dit

- Maak jou werkarea en toerusting skoon en ontsmet dit voordat jy begin werk, tussen aktiwiteite en aan die einde van elke aktiwiteit.
- Hou ’n bleikmiddeloplossing of spuitmiddel vir ontsmetting gereed by jou werkarea sodat dit maklik is om te gebruik.

Hou vullisblikke skoon en veilig

- Daar moet aparte vullisblikke wees vir kositems of -afval en ander weggooibare items.
- Sorg dat die vullisblikke deksels het wat goed kan toemaak.
- Wys personeel aan om die vullisblikke gereeld leeg te maak. Plaas vullis in ’n dubbele sakkie en was jou hande nadat jy vullis weggegooi het.

24 HOURS Nasionale Hulplyn: 0800 029 999

24 HOURS Provinsiale Hulplyn: 021 928 4102

Wes-Kaapse Regering

KOM ONS STOP DIE VERSPREIDING

VIR MEER INLIGTING:
www.westerncape.gov.za